OPTREDE DEUR

4. AGENDA-ITEM 3 : TOESTAND IN RHODESIë

'n Algemene bespreking oor die toestand in Rhodesië ná die verkiesing, vind plaas. Hooftrekke daarvan is die volgende:

Minister R F Botha sê dat dit onseker is hoe mnr Mugabe in die praktyk gaan optree. Basies is daar twee beskouinge:

(a) dat hy slim genoeg is om nie die foute te maak wat in Angola en Mosambiek gemaak is as gevolg waarvan die Blankes gevlug het nie, dat alles wat hy nou doen toneel= spel is en dat, sodra sy posisie gekonso= lideer en sy weermag georganiseer is, hy binne 'n jaar sy ware kleure sal wys; en

(b) dat hy voorheen Marxistiese geluide gemaak het slegs om steun uit daardie kant te kry, en dat nou aan hom 'n kans gegee moet word om sy nuwe beloftes gestand te doen.

Eersgenoemde beskouing word deur sekere instansies in Duitsland gehuldig en laasgenoemde is die be= skouing van Rhodesiese nyweraars, boere en selfs mnr Ian Smith wat glo dat daar tog miskien iets goeds gebore kan word. Watter beskouing reg is, sal alleen die tyd leer. Voorts sê die Minister dat die mening in die buiteland gehuldig word dat Suid-Afrika reg opgetree en die situasie uitstekend gehanteer het deur nie na buite in te meng nie. Dit is klaarblyklik dat mnr Mugabe vir die RSA bang is en dat hy meer gematig teenoor ons is as die VN. Die Voorsitter se openbare verklaring ná die ver= kiesing was die korrekte standpunt. Ons wag en kyk wat gaan gebeur. perception moderate

Genl Malan doen verslag dat die Weermag volgens die volgende riglyne optree:

(a) personeel en uitrusting wat in Rhodesië is, ordelik en onopsigtelik uitgekry word (reeds feitlik afgehandel); equipment unobtrusively

(b) die RSA se eie belang eerste kom;

(c) ons nie in Rhodesië in 'n Viëtnam-situasie betrokke raak nie; en

(d) ons die Rhodesiese weermag se samewerking probeer behou.

Voorts vra hy dat die omgewing van Messina 'n ope= rasionele gebied vir die Weermag gemaak word.

OPTREDE DEUR

(kan te manoeuvre)

Die Staatsveiligheidsraad keur goed dat Messina operasionele gebied word om die Weermag meer be= weegruimte te gee, maar dit moet nie gepubliseer word nie. GENL MALAN

Genl Geldenhuys deel mee dat alle Polisiepersoneel reeds uit Rhodesië teruggetrek is.

Dr Loubser meld dat daar nog 'n paar beamptes van Spoorweë in Rhodesië is, maar dat hulle van vlieg= kaartjies voorsien is.

Minister R F Botha verwys na die kwessie van Suid-Afrikaanse diplomatieke verteenwoordiging in Salis= bury en sê dat hy ons verteenwoordiger daar opdrag gegee het om die Mugabe-mense te nader en te sê dat, aangesien mnr Mugabe gesê het dat hy goeie besigheids- en handelsbetrekkinge met Suid-Afrika wil handhaaf, hy verneem of diplomatieke betrekkinge aangeknoop sal word. Op grond van mnr Mugabe se stellings, sal hy graag wil aanbly.

Minister Van der Merwe maak die kwessie van uitvoer= kredietherversekering ten opsigte van Rhodesië aan= hangig en die Raad besluit dat die Mugabe-regering eers op regeringsvlak moet kom praat voordat besluit kan word op watter basis handelsbetrekkinge voortgesit sal word. MINISTER VAN DER MERWE

Minister Horwood gee besonderhede van Rhodesië se finansiële verpligtinge teenoor die RSA en sê dat hy met dr Desmond Krogh, president van die Reserwe= bank in Rhodesië, in verbinding is. Eers wanneer 'n minister van finansies aangestel is, sal daar meer helderheid oor die situasie verkry kan word en hy sal die Voorsitter op hoogte hou. MINISTER HORWOOD

Minister Heunis sê dat wat belangrik is, is die er= kenning van verpligtinge en ooreenkomste, ook ten opsigte van vervoer. Ons moet weet of hulle dit in stand gehou wil hê.

Minister R F Botha sê dat oor al hierdie dinge met die Mugabe-regering gepraat sal moet word en dat dit hulle tot besinning sal bring.

Minister Heunis sê dat mnr Mugabe nie die indruk moet kry dat al ons verbintenisse met Rhodesië outomaties voortgaan nie. Sy mense moet kom praat sodat alles geformaliseer kan word.

Die Voorsitter wys daarop dat die situasie gevaarlik is en dat 'n afwagtende houding nog ingeneem moet word.

OPTREDE DEUR

5. AGENDA-ITEM 6 : OPERASIE "FRIKKADEL"

Die Voorsitter meld dat operasie "Frikkadel" onder leiding staan van Binnelandse Sake en hy verneem of die noodsaaklike minimum voorbereidings vir vlugte=linge getref is, soos die voorsiening van ablusie=blokke wat nie oornag opgerig kan word nie.

Minister Schlebusch gee die versekering dat die nodige voorbereidings by Messina, Pietersburg en Cullinan getref is. Ook wat die opskorting van die normale toe=latingsvereistes betref, is die nodige gedoen. Hy deel verder mee dat hy oor die afgelope twee jaar al uitsonderings maak deur gesinne uit Rhodesië sonder die broodwinner toe te laat.

Die Voorsitter sê dat as daar 'n stroom vlugtelinge kom, al is dit net honderde, hulle iewers opgedam moet word waar besluite oor hul blywende vestiging geneem kan word. Ons moet ons nie oornag laat oor=val nie.

Minister Schlebusch sê dat ons baie realisties moet wees. Volgens amptelike syfers is daar 600 000 Portu=gese in Suid-Afrika, maar hy is van mening dat daar 800 000 is, en ons raak baie moeilik van ongure karakters ontslae. Die 22 000 Indiërs in Mosambiek kan moontlik ook via Rhodesië probeer inkom.

Minister R F Botha meld dat aanvrae om toelating by ons missie in Salisbury geweldig toegeneem het.

Die Voorsitter lees voor uit 'n brief wat hy van die Islamitiese gemeenskap in Salisbury ontvang het en waarin gevra word dat Asiatiese vlugtelinge vanuit Rhodesië toegelaat word. Die Voorsitter sê dat die brief baie diplomaties, in oorleg met Buitelandse Sake, beantwoord sal moet word. MINISTER R F BOTHA

Minister Schlebusch sê dat, wat Indiërs betref, dit moeilik is om te weet wat om te doen.
As ons hulle toelaat, sit ons met hulle.
Indië en Pakistan sal hulle nie neem nie.
Hy deel mee dat hy reeds aan 'n bietjie druk toegegee het deur heelwat Suid-Afrikaanse Indiërmeisies wat met Mosambiekse mans getroud is, toe te laat om te kom. Hulle sal nie weer uit die land gekry kan word nie. En die vraag is altyd : as hierdie toe=gelaat word, wat van daardie?

Die Voorsitter sê dat as daar skielik 'n krisis in Rhodesië is en die mense begin vlug, ons hulle nie by Beitbrug kan keer nie. Hulle moet in kampe versamel word en die saak moet met die Britte opgeneem word.

Minister R F Botha deel mee dat hy reeds aan die Britse ambassadeur gesê het dat ons aanvaar dat Brittanje die Indiërs sal neem want hulle sal aanspraak maak op Britse burgerskap. Die Swartes ook. Ons sal egter nie toelating kan weier as hulle hierheen vlug nie. Ons sal dan met die Britte in onderhandeling moet gaan. Met Asiatiese lande ook. Daar kan potensieel vir ons voordeel in wees.

6. AGENDA-ITEM 4 : SUIDWES-AFRIKA

Die Voorsitter bedank dr Fourie en die ander ampte= nare wat betrokke was by die onderhandelings met die VN-sending, vir die moeilike en harde werk wat hulle gedoen het.

Dr Fourie deel kortliks mee hoe die samesprekings verloop het. Die idee van 'n gedemilitariseerde sone is aanvaar maar daar word nog gekyk of dit implemen= teerbaar is met die oog op die voer van 'n verkiesing. Op ses punte moet ooreenkoms bereik word : die aantal basisse, die getal VN-troepe, hoe gou ná die verkiesing hul onttrek sal word, ensovoorts. Die Weermag sal nou 'n evaluasie doen of die plan uitvoerbaar is. Die VN-span het geen verdere inligting nie. Hulle is leeggesuig.
As ons nie hiermee tot 'n besluit kan kom nie, moet dinge hulle loop neem. Ons het nog drie tot vier weke tyd. Die Regering sal dan moet besluit wat hy omtrent die plan wil doen. Die pratery kan nie verder voort= gaan nie. Die eindpunt is bereik.

Die Voorsitter meld dat die VN-span hom kom groet het. Hulle was baie vriendelik maar het duidelik laat blyk dat tyd vir hulle van deurslaggewende belang is. Hy het aan hulle gesê dat vir ons stabiliteit in Suidwes-Afrika van deurslaggewende belang is. Die Voorsitter deel verder mee dat hy per telefoon met dr Viljoen, Administrateur-generaal van Suidwes-Afrika, gepraat het en dat dié hom meegedeel het dat die politieke partye dáár nou skerper teen die plan gekant is . Die DTA is bang dat met hulle kan gebeur wat met bis= kop Muzorewa in Rhodesië gebeur het. Dit is die oom= blik van waarheid, dit is nie aangenaam nie en, tensy 'n nuwe wending kom, is dit die end van die pad. Pleasant
turn

Die Voorsitter sê dat 'n besluit waarskynlik gou geneem sal moet word. Alle alternatiewe sal weer uitgetrap moet word. Tyd sal daarvoor ingeruim moet word, ten spyte van die oorlading van werk, om weer na die hele strategie vir Suidwes-Afrika te kyk. Die Aministrateur-generaal en die Bevelvoerende Generaal, Suidwes-Afrika, genl-maj J J Geldenhuys, wat ter plaatse is, moet ook betrek word. Die Werkkomitee moet in die eerste plek

| | OPTREDE DEUR |
|---|---|
| met 'n oop gemoed weer na die strategie kyk. | SEKRETARIS |
| Verder sê die Voorsitter dat oorweging *consideration* daaraan geskenk moet word of dr Jonas Savimbi nie 'n groter rol moet speel nie. Hy speel nou 'n militêre rol. Die vraag is of hy nie 'n politieke rol moet speel nie. Daar moet op ingegaan word hoe die toekomstige Suidwes-Afrika moet lyk. Daar moet nuwe inisiatiewe kom, en tyd is skaars. Ons staan voor die absolute wete dat as ons die mense van Suidwes-Afrika in die steek laat, ons maar kan oppak. Enigiemand wat 'n gedagte het, moet vorentoe kom. | ALMAL |

7. AGENDA-ITEM 5 : MOSAMBIEK

Dr Fourie doen verslag oor die besoek wat hy en 'n span onlangs aan Mosambiek afgelê het. Hy het die indruk gekry dat die boodskap dat, as Mosambiek goeie betrekkinge met die RSA wil hê, hy die ANC aan bande moet lê, nou duideliker deurgekom het. Die Mosambiekers is meegedeel dat hulle bewyse van goedgesindheid moet lewer deur beter met ons Polisie saam te werk. Ons het bewyse dat ANC-terroriste met Russiese wapens die RSA vanaf Mosambiek binnekom. 'n Ontmoeting is gereël sodat Polisie die bewyse aan hulle kan lewer. 'n Bemoedigende stap is die feit dat die Mosambiekers die ANC-vlugtelinge meer as 1 000 km noord gaan skuif na die kampe wat deur ZANLA ontruim is. Verder sê dr Fourie dat dit die eerste keer in 6 jaar is dat president Machel 'n persoonlike boodskap aan die Eerste Minister stuur.

Voorts sê dr Fourie dat daar weer na ons strategie vir Mosambiek gekyk moet word. Sekere dinge is vertraag *delayed* tot na afloop van die Rhodesiese verkiesing. Die verkiesing is nou verby en daar sal besluit moet word hoe nou opgetree moet word.

Genl Malan sê dat die afgelope samespreking met Mosambiek die beste onderhandeling is wat ons nog met 'n kommunistiese staat gehad het. Ons het daar uitgekom met wat ons wou gehad het.

Minister R F Botha sê dat die ANC ons vyand nommer een is. Die ANC wil die SWAPO of die PF van Suid-Afrika wees en beywer *do their best* hom om om 'n tafel met ons te praat. Aan president Machel is dit nou duidelik gesê dat hy moet kies tussen die ANC of verhoudings met ons.

Die Staatsveiligheidsraad neem kennis van die verslaggewing oor die samesprekings en bedank diegene wat daaraan deelgeneem het.

OPTREDE DEUR

8. AGENDA-ITEM 7 : BURGERBAND-RADIO

Die dokument gedateer 3 Maart 1980 oor die voortgesette bedryf van burgerband in die RSA, wat as Bylaag 1 met die agenda versprei is, word aan die orde gestel en die aanbeveling daarin vervat word goedgekeur.

Minister R F Botha gee aan die hand dat 'n wet dadelik gepasseer word om die gebruik van burgerband-radio te beheer, maar dat dit nie in werking gestel word totdat dit noodsaaklik blyk te wees nie. Dit kan dan by proklamasie geskied.

Die Staatsveiligheidsraad aanvaar die voorstel en dra die Sekretaris op om dit as 'n versoek van die Raad aan die Minister van Pos- en Telekommunikasiewese oor te dra dat dadelik met die nodige wetgewing voortgegaan word. SEKRETARIS

9. AGENDA-ITEM 8 : ALGEMEEN

(a) SEKERHEID IN DIE STAATSOPSET: VERSLAG VAN NASIONALE VEILIGHEID

Die Voorsitter deel mee dat hy die eerste verslag gedateer 28 Februarie 1980 van Nasionale Veiligheid oor sekerheid in die staatsopset ontvang het. Hy spreek sy dank uit en sê dat die posisie klaarblyklik nog onder normaal is. Hy sal die verslag by die Kabinet in breër kring ook aanhangig maak. Hy is bewus dat sekere sekerheidsmaatreëls baie geld kos, maar doen 'n beroep dat alle departemente binne hul finansiële vermoë soveel sekerheid as moontlik, minstens die elementêre, bewerkstellig. Die Werkkomitee moet ook hierop ingaan. ALMAL

(b) BUSDIENSTE IN NATAL

Minister Heunis is van mening dat die kwessie van die verhoging van busreisgelde in Natal 'n probleem is wat veiligheidsimplikasies inhou.

Minister Koornhof is dit eens dat die situasie plofbaar is.

Die Staatsveiligheidsraad besluit dat die Werkkomitee op die saak moet ingaan aangesien dit moontlik die begin kan wees van 'n situasie wat baie moeilik gehanteer kan word. SEKRETARIS

10. Die Vergadering verdaag om 12h35.

OPTREDE DEUR

11. Die volgende vergadering word op Maandag 24 Maart 1980, om 10h30 in die Kabinetskamer, Hendrik Verwoerd-gebou, Kaapstad, gehou.

GOEDGEKEUR

SEKRETARIS
12 Maart 1980

VOORSITTER
24 Maart 1980

OPSTELLER